



basic education

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015  
ASSESSERINGRIGLYNE  
AFRIKAANS HUISTAAL  
GRAAD 1**

**INLEIDING**

Die 2015 Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse (JNA 2015) sal in September 2015 in alle openbare en geïdentifiseerde privaatskole geskryf word. Graad 1 – 3 leerders sal gedurende hierdie tydperk nasionale toetse in Huistaal en Wiskunde aflê. Die resultate van hierdie toetse sal gebruik word om vas te stel of die mylpale wat in die *Action Plan 2015 Towards Schooling 2025* voorkom wel bereik kan word.

Die JNA sal gedurende die derde kwartaal geskryf word. Die Nasionale Departement van Onderwys het daarom riglyne beskikbaar gestel vir die vakke (Huistaal en Wiskunde). Die doel van hierdie riglyne is om seker te maak dat leerders wel die minimum dekking van die kurrikulum per vak per graad gedoen sal hê en in staat sal wees om die toetse met redelike sukses te kan voltooi. Die riglyne bepaal die raamwerk vir die werk wat gedek moet word per graad en per vak. Die 2015 JNA is ontwikkel in ooreenstemming met die kurrikulum wat in die fase geïmplementeer moet word.

**GRONDSLAGFASE**

Die toetse sal saamgestel word uit die voorgeskrewe kurrikulum van Grade 1 - 3 vir kwartale een tot drie van die skooljaar. Die riglyne vir hierdie grade is saamgestel en georganiseer in drie kolomme en rye. In die eerste kolom word die vaardighede wat geassesseer word gespesifiseer. In die tweede kolom word die inhoud wat geassesseer word uiteengesit en in die derde en laaste kolom word die spesifieke vaardighede uiteengesit.

VAARDIGHEDE	INHOUD GEASSESEER IS LEERders IN STAAT OM:	SPESIFIEKE VAARDIGHEDE
	Identifiseer die letter-klank-verhouding van enkelletters (fonemiese bewustheid).	Identifiseer letterklanke.
	Identifiseer die letter-klank-verhouding van enkelletters (fonemiese bewustheid).	Kies die regte antwoord vir die prent.
	Skryf eenvoudige byskrifte by prente.	Skryf drieletter- woorde.
	Pas die regte prent en sin bymekaar.	Lees woorde in sinne en ander tekste (kwartaal 2+3).
	Bou woorde met aangeleerde klanke (kwartaal 2).	Skryf woorde by prente.
	Skep betekenis uit geskrewe teks en identifiseer besonderhede.	Skep betekenis uit geskrewe teks en identifiseer besonderhede.
	Skep betekenis uit geskrewe teks en identifiseer besonderhede.	Skep betekenis uit geskrewe teks en identifiseer besonderhede.
	Skep betekenis uit geskrewe teks en identifiseer die volgorde van gebeure.	Skep betekenis uit geskrewe teks en identifiseer die volgorde van gebeure.
	Identifiseer oorsaak en gevolg en beantwoord oop-eind-vrae.	Identifiseer oorsaak en gevolg.
	Demonstreer kennis van konsepte, bv. grootte, of vorm.	Kies die regte prent om begrip te toon.
	Gebruik selfstandige naamwoorde korrek (wat inskakel met klanke, bv. skip).	Toon kennis van selfstandige naamwoorde.
	Gebruik selfstandige naamwoorde korrek (wat inskakel met klanke, bv. boom).	Gebruik selfstandige naamwoorde korrek in skryfwerk (wat inskakel met klanke, bv. boom).
	SKRYF	Maak gebruik van hoofletters en punte.
Skryf na aanleiding van 'n prent kort eenvoudige sinne deur aangeleerde klanke en sigwoorde te gebruik.		Skryf byskrifte vir 'n tekening of prent.
Gebruik klanke om kort woorde en eenvoudige sinne te skryf.		Skryf 2 sinne oor 'n prent.

<b>RUBRIEK VIR VRAAG10.2</b>			
<b>0 Punte</b>	<b>1 Punt</b>	<b>2 Punte</b>	<b>3 Punte</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geen poging aangewend nie.</li> <li>• Kopieer instruksies.</li> </ul> <p>Skryf slegs 'n deel van 'n sin.</p> <p>Skryf woorde wat nie verband hou met die prent nie.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 1 Sin wat nie verband hou met die prent nie.</li> </ul>	<p><u>Ignoreer spel-, taal- en taalstruktuurfoute.</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf 2 sinne wat nie verband hou met die prent nie.</li> </ul> <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf 1 eenvoudige sin wat verband hou met die prent.</li> </ul>	<p><u>Ignoreer spelfoute .</u></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf 2 relevante sinne, maar het spelfoute en/of spasiëringsfoute.</li> </ul> <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf 1 sin wat verband hou met die prent en gebruik 'n voegwoord.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf 2 relevante sinne met geen foute nie.</li> </ul>